


Pretoriana

MERENSKAP-BIBLIOTEK
 OUD-PRÆTORIA
 20-12-1966
 Klasnommer 2A.05/66
 Registrernommer P '66/52



TYDSKRIF VAN DIE GENOOTSKAP OUD-PRÆTORIA
 VERSKYN IN APRIL, AUGUSTUS EN DESEMBER
 MAGAZINE OF THE OLD PRÆTORIA SOCIETY
 PUBLISHED IN APRIL, AUGUST AND DECEMBER

Pretoriana=uitgawe 1951—1966 **Pretoriana** Edition
 Prys : 25c : Price



RAADSLID|COUNCILLOR J. F. BECKER

Burgemeester van Pretoria — 1965/6 — Mayor of Pretoria

CONGRATULATORY MESSAGE FROM THE MAYOR

“PRETORIANA” was born 15 years ago out of love for the history of Pretoria. Because there are not a great many enthusiasts in this field the periodical made its appearance in slightly hesitant fashion. Its founders and their successors were, however, resolute people. As a result “Pretoriana” has successfully overcome the obstacles inseparable from such an undertaking and can, with this issue, look back proudly upon 15 years of existence.

“Pretoriana’s” pages are full of interesting information about the city’s colourful past and give, now and again, a glimpse of the present. The facts that have been so lovingly gathered and carefully recorded will always be a valuable source of information.

The City Council, appreciating the periodical’s value, has lent a hand and has, practically from its beginning, provided financial and other aid to ensure its continued existence.

In the circumstances it is a great pleasure for me to congratulate “Pretoriana” on its 15th birthday. I trust that it will continue to mirror the administrative capital’s past and make it better known.

J. F. BECKER, *Mayor of Pretoria.*

BOODSKAP VAN GELUKWENSING VAN DIE BURGEMEESTER

UIT liefde vir die geskiedenis van Pretoria is „Pretoriana” 15 jaar gelede gebore. Omdat entoesiaste op hierdie gebied nie baie talryk is nie, het die tydskrif sy verskyning met onsekere skrede gemaak. Sy stigters en diegenes wat hulle opgevolg het, is egter taai mense, met die gevolg dat „Pretoriana” die probleme wat altyd met so ’n onderneming gepaard gaan, te bowe gekom het en met hierdie uitgawe met trots op ’n vyftienjarige bestaan kan terugkyk.

„Pretoriana” se bladsye is vol interessante gegewens oor die stad se veelbewoë verlede, met so af en toe ’n blik in die hede. Die besonderhede wat met liefde versamel en met deeglikheid geboekstaaf is, sal altyd ’n waardevolle bron van inligting bly.

Omdat hy die waarde van die tydskrif besef, het die Stadsraad hand bygesit en feitlik vanaf die begin geldelik en andersins bygedra om die bestaan daarvan te verseker.

In die omstandighede is dit vir my baie aangenaam om „Pretoriana” met sy 15de verjaardag geluk te wens. Ek vertrou dat hy steeds sal voortgaan om die administratiewe hoofstad se verlede uit te beeld en beter bekend te stel.

J. F. BECKER, *Burgemeester van Pretoria.*



Dr. N. A. COETZEE

BOODSKAP VAN DR. N. A. COETZEE

VIERDE VOORSITTER, GENOOTSKAP OUD-PRETORIA, 1966.

DIE herdenking van die vyftienjarige bestaan van „Pretoriana” is ’n belangrike gebeurtenis wat deur hierdie gedenkuitgawe op paslike wyse onder die aandag van die volk van die Republiek van Suid-Afrika gebring word.

Die Genootskap Oud-Pretoria is in 1948 deur private onderneming deur belangstellende inwoners van Pretoria gestig met die doel om die historiese verband van ons mooi stad vir die nageslag te bewaar. In 1951 het die Genootskap die tydskrif „Pretoriana” begin publiseer en vir vyftien jaar het die blad gereeld verskyn volgens die oorspronklike beplanning met minstens drie uitgawes per jaar. Dit is voorwaar ’n prestasie in sigself om hierdie voorneme uit eie krag gestand te doen.

Pretoria het hiermee ’n voorbeeld aan die ander stede en dorpe in Suid-Afrika gestel. ’n Geskiedkundige vereniging waarin albei seksies van die blanke bevolking betrek word, kon ongesteurd met die werk van nasiebou voortgaan en daarbenewens die bande met die verlede verstewig, sodat ons alles wat mooi

en edel uit die verlede as fondamentstene vir die toekoms kan gebruik.

Die standaard van „Pretoriana” het steeds ’n baie hoë peil gehandhaaf, sodat die blad vandag oral as *Africana* beskou word. Die blad word genoem in feitlik alle bibliografieë oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis, danksy die konsensieuse werk van die redakteurs wat deur die jare die materiaal wat skrywers deur navorsing kon skep, geredigeer het.

’n Mooi gedrukte blad, met ’n konstruktiewe inhoud en doel is ’n sieraad vir enige volk. Dit word op sigself ’n historiese erfenis. So is „Pretoriana”!

Dit was vir my ’n eer om gedurende die Republiekfeesjaar 1966 so nou verbonde te wees met die Genootskap Oud-Pretoria en met sy tydskrif „Pretoriana”.

Mag dit ons volk nog baie jare dien en aanspoor tot die verwesening van ons edele strewe.

N. A. COETZEE.

3/11/1966.

GELUKWENSING VAN DR. WILLEM PUNT

STIGTER EN EERSTE VOORSITTER VAN DIE
GENOOTSKAP OUD-PRETORIA (1948 - 1959)

DIE Genootskap Oud-Pretoria en die redaksie van „Pretoriana” word hiermee hartlik gelukgewens

met die 15-jarige bestaan van ons tydskrif „Pretoriana”. Dit is nou 18 jaar gelede dat die Genootskap

Oud-Pretoria by my aan huis tot stand gekom het met die doel om 'n wakende oog oor die geskiedenis van ons mooi stad te hou. Veël is sedertdien deur ons lede bereik maar nog veel meer moet gedoen word om die geskiedenis van die Hoofstad in woord en beeld lewend te hou.

Vroeg reeds in die bestaan van die Genootskap het die behoefte aan 'n eie blad ontstaan. Dr. Jan Ploeger was 'n sterk voorstander vir 'n eie blad en was bereid om as redakteur op te tree. Hy het sy sienswyse oor 'n kwartaalblad aan die bestuur gestel en in 1951 is toe besluit om 'n blad onder die naam „Pretoriana” uit te gee.

Maar daar was 'n groot struikelblok om te oorkom. Die geldmiddele vir die publikasie het op daardie

tydstip ontbreek. Na oorweging het ek besluit om die alombekende firma „De Bruyn se Skoewinkels” te nader met die versoek om dié uitgawe deur 'n advertensie te borg. Die versoek is gunstig oorweeg en „Pretoriana” Deel 1, Nr. 1 kon in September 1951 verskyn. Hierdie metode van finansiering — dit was harde werk — kon ek as sakebestuurder ook op latere uitgawes toepas sodat ons blad gereeld verskyn het. „Pretoriana” het in omvang toegeneem sodat meer geld nodig was en weereens het ons Stadsraad en goedgesinde sakelui van Pretoria gehelp. Dit strek ons Stadsraad en Pretoriase firmas tot eer dat hulle soveel vir die optekening en bewaring van die geskiedenis van ons stad gedoen het.


So het „Pretoriana” tot stand gekom en onder die bekwame redaksie van dr. Jan Ploeger, T. S. van Rooyen en mnre. A. M. Davey en H. M. Rex, en in sommige jare bygestaan deur redaksiekomitees, bly voortbestaan sodat die blad vandag gesogte *Africana* is.

Aan die Stadsraad van Pretoria 'n

besondere woord van dank, want dit is grootliks aan agtereenvolgende simpatieke Stadsrade van Pretoria te danke dat die Genootskap deur 'n jaarlikse hulptoelaag oor fondse beskik om sy administrasie- en druk-koste te dek. Ook het ons lede en 'n hele aantal sakelui van Pretoria die Genootskap deur die jare getrou gebly sodat hierdie belangrike kultuurliggaam tans 'n gevestigde organisasie in ons samelewing is.

W. PUNT.


3/11/1966.



Dr. WILLEM PUNT

NA VYFTIEN JAAR

BOODSKAP VAN DIE TWEDE VOORSITTER VAN DIE
GENOOTSKAP OUD-PRETORIA (1960 - 1964)



Dr. G. v. W. EYBERS

EK is dankbaar vir die geleentheid wat mnr. Rex my aangebied het om na 'n tydperk van skeiding—of liever stilte—weer deur middel

van „Pretoriana” kontak te maak met die ou vriende van die Genootskap Oud-Pretoria. Die onderbreking was te wyte aan die geweldige